  - 6.11.4.2.2 Huise vir Nie-Blankes: Onbewoonde huise van permanente aard (wat gewoonlik deur die eienaar/werkgewer vir sy plaaswerkers opgerig is) wat beskikbaar is vir onmiddellike bewoning moet as leë wonings getel word.
  - 6.11.4.2.3 Tradisionele wonings vir Swartes: Onbewoonde hutte en geboue van nie-permanente aard word nie as leë wonings getel nie.
- 6.11.4.3 Leë woonstelle en vakansie-woonstelle
  - 6.11.4.3.1 Gewone woonstelle
 

Die onbewoonde woonstelle wat op Sensusdag beskikbaar is vir "nuwe" bewoners moet as leë wonings getel word.
  - 6.11.4.3.2 Vakansie-woonstelle
 

Dieselfde prosedure wat geld vir vakansiehuise by 6.11.4.1.3 moet hier toegepas word.
- 6.11.4.4 Leë wooneenhede/kamers in hotelle, motelle, residensiële hotelle, losieshuise, woonwaens, tente en ander akkommodasie-inrigtings (bv. vakansie-oorde)
 

Die onbewoonde wooneenhede/kamers word nie as leë wonings getel nie, maar moet geïgnoreer word.

#### 6.11.5 Swart state

Dieselfde kriteria wat hierbo in Blanke gebiede gestel word geld hier. Die klem val egter op die feit of 'n woning van permanente aard is of nie, indien wel, word dit getel as 'n leë woning. (Kyk veral na 6.11.4.2.3 hierbo).

#### 6.12 Vorms moet volledig en leesbaar ingevul word

6.12.1 Onjuisthede of weglatings moet verbeter word voordat die perseel verlaat word. Spesiale aandag moet gewy word aan die items beroep, bedryf, ens., om seker te maak dat volledige besonderhede gegee is. As 'n opgawe beskadig of onleesbaar is, moet die opnemer die gegewens op 'n nuwe vraelys oorskryf en die nuwe opgawe dieselfde nommer gee as die oorspronklike, met die toevoeging van die woord "Vervang". Die oorspronklike, met die woord "Gekanselleer" daarop aangebring, moet aan die nuwe opgawe vasgespeld word.

#### 6.13 Oënskynlike teenstrydige antwoorde

6.13.1 As daar antwoorde is wat teenstrydig blyk, soos byvoorbeeld voorname en geslag, ouderdom en beroep, geslag en beroep, ens., dan moet navraag gedoen word en as hulle juis is, moet die woord "Korrek" teenoor elke betrokke antwoord geskryf word. Dit sal die noodsaaklikheid uitskakel om navraag aangaande die voormelde besonderhede te doen wanneer die opgawe in die kantoor van die kontroleur of in die Departement van Statistiek nagegaan word.

#### 6.14 Invul van vraelyste

6.14.1 Wanneer 'n respondent nie 'n vraelys kan invul nie, moet die opnemer die nodige hulp of verduideliking bied, of self die vraelys invul.

#### 6.15 Agterdog jeens die sensus

6.15.1 Die opnemer moet alle voorsorgmaatreëls tref teen die verwekking van ongegronde agterdog aangaande die doel van die sensus en moet probeer om alle vals gerugte wat daaromtrent in omloop mag wees, teen te werk. Die sensus het hoegenaam niks met belastingheffing te doen nie. Verder sal die identiteit van persone wat onwettiglik in 'n gebied is, beslis nie aan enigeen vir vervolgingsdoeleindes bekend gemaak word nie.

#### 6.16 Dienstermyn van veldwerker

6.16.1 'n Veldwerker moet sy werksaamhede binne die ooreengekome tydperk voltooi dog hy is nietemin verplig om, as dit nodig is langer te werk totdat die werk tot bevrediging van die kontroleur afgehandel is.

### 7. OPNAME-PROSEDURE IN BLANKE STEDELIKE GEBIEDE

7.1 Voor die nag waarop die sensus geneem word, moet elke opnemer wie se OSD binne die grense van 'n munisipaliteit of ander stedelike gebied val, by elke woonplek in sy OSD, behalwe waar die kontroleur hom gelas om dit nie te doen nie, die toepaslike vraelyste aflewer.

In sommige gebiede waar daar groot vakansiewoonstelgeboue, hotelle, ens. is, kan die opsigters van sulke geboue deur die kontroleur as assistent-opnemers aangestel word, om bystand te verleen met die uitdeel van vraelyste en die veilige bewaring van opgawes wat deur die besoekers in verseelde koeverte aan hulle oorhandig moet word, voor hul vertrek.

Die Kontroleur moet die opnemers voorsien van 'n lys van geboue waar assistent-opnemers aangestel is. Gesinne of huishoudings wat in buitegeboue van wonings, of in lane of agterstraatjies woon, moet nie oor die hoof gesien word nie. Waar winkels of sakepersele binne 'n opnemer se OSD geleë is, moet die opnemer verneem of daar enige werknemers op die persele slaap, en indien dit die geval is, moet hy die toepaslike vraelys/te daar agterlaat om deur die bewoner ingevul te word. Baie sakepersele verskaf in die agterplaas verblyfplek vir oppassers, nagwagte en ander werknemers. Die Wet Op Statistieke belas die werkgewer of persoon wat gewoonlik in beheer van die persele is met die verantwoordelikheid om aan die opnemer inligting te verskaf betreffende hierdie werknemers met wie dit dikwels moeilik is om in aanraking te kom. By die uitdeling van vraelyste moet die opnemer probeer om die gesinshoof of ander verantwoordelike volwasse lid van die gesin te spreek ten einde seker te maak hoeveel vraelyste nodig is. Daar moet verduidelik word dat die vraelyste ingevul moet word en ná 'n datum soos deur die opnemer bepaal, afgehaal sal word. Indien niemand tuis is nie, moet 'n vraelys en instruksies 10 onder die deur ingeskuif word. Onmiddellik na die sensusdatum moet die opnemer, wat 'n aantal blanko vraelyste met hom moet saamneem, begin om die opgawes in te samel, sowel dié wat hy self uitgedeel het, as dié wat deur die kontroleur uitgestuur is. L.W. Buitelanders in diens van diplomatieke en konsulêre missies van vreemde lande word glad nie opgeneem nie maar hulle Suid-Afrikaanse personeel insluitende bediendes moet wel opgeneem word.

## 8. OPNAME-PROSEDURE IN BLANKE NIE-STEDELIKE GEBIEDE

- 8.1 Tensy hy deur die kontroleur spesiaal daartoe gelas is, moet die opnemer van 'n nie-stedelike gebied geen vraelyste voor die sensusdag uitdeel nie. Die kontroleur moet egter vooraf vraelyste aan inrigtings, hotelle en groot nywerheidsondernemings in sodanige gebiede uitstuur. Die opnemer sal van die kontroleur 'n lys van name en adresse kry van elke inrigting, ens., waarheen vraelyste gestuur is, en hy moet die opgawes gaan insamel. Die kontroleur mag egter instruksies gee dat vraelyste uitgedeel moet word voor die dag waarop die sensus gehou word in nie-stedelike dorpe of digbewoonde klein-hoewes. Die opnemer moet binne die toegelate tydperk elke woonplek in sy OSD besoek, die vereistes van die vraelyste verduidelik, en of die vraelyste aan die respondent oorhandig vir onmiddellike invulling en oorhandiging of die nodige besonderhede van die respondent verkry en self die vraelys invul voordat hy vertrek. By die afhaal van opgawes wat vooraf uitgedeel is, moet die opnemer elke opgawe nagaan en homself tevrede stel dat dit korrek ingevul is. In die algemeen sal Blanke bewoners van plase geredelik inligting verskaf aangaande die ligging van wonings van ander bevolkingsgroepe wat op hul plase woon. Waar besondere omstandighede dit vereis kan die kontroleur 'n opnemer gelas om 'n opname-prosedure te volg wat van die begenoemde uiteensetting afwyk.

9. OPNAME-PROSEDURE IN WOONGEBIEDE VAN NIE-BLANKES
- 9.1 In die woongebiede van Nie-Blankes sal die opnemer van huis tot huis gaan om die besonderhede van elke persoon op die toepaslike vraelys in te win. Die besonderhede sal deur die opnemer self ingevul word behalwe in gevalle waar 'n respondent aandui dat hy self die besonderhede wil invul. In daardie gevalle moet 'n vraelys en instruksies by die respondent gelaat word en die opnemer moet die opgawe nagaan t.o.v. korrektheid en volledigheid wanneer hy dit afhaal. Onder geen omstandighede moet vraelyste voor die sensusdatum uitgedeel word nie.
10. VOORSKRIFTE VIR DIE INVUL VAN DIE VRAELYS
- 10.1 Die Vraelys in breë trekke: Die vraelys bestaan uit die volgende gedeeltes:
  - 10.1.1 Die boonste gedeelte wat handel oor die geografiese besonderhede van die woning wat opgeneem moet word.
  - 10.1.2 Deel A waar die persoonlike besonderhede van elke persoon wat om middernag tussen 6 en 7 Mei 1980 op die perseel teenwoordig is, gevra word.
  - 10.1.3 'n Opsomming (onmiddellik onder gedeelte A) van die persone wat in gedeelte A opgeneem is.
  - 10.1.4 Deel B wat handel oor die geriewe tot die beskikking van persone wat in gedeelte A opgeneem is.
  - 10.1.5 Deel C waar besonderhede van die woning gevra word. (Nota: Indien die vraelys nie by die tuiswoning ingevul is nie, moet besonderhede van die tuiswoning onder gedeelte C verstrek word.)
  - 10.1.6 Deel D wat handel oor besonderhede van die gesin, ongeag of lede teenwoordig is of nie. (Nota: Hierdie gedeelte is nie van toepassing op Swart bevolkingsgroepe nie.)
  - 10.1.7 'n Sertifikaat wat deur die bewoner/respondent onderteken moet word tot dien effekte dat die vraelys korrek en volledig ingevul is.
- 10.2 Die rede vir hierdie voorskrifte: Dit is nie moontlik om al die voorskrifte oor hoe die vraelys ingevul moet word by die vraelys self in te lyf nie. Sekere van die meer belangrike voorskrifte is gevolglik in vorm No. 10 vervat ("Instruksies vir die invul van die vraelys"). (Let asseblief daarop dat opnemers paragraaf 1(e) van dié instruksies moet invul voordat vorms uitgedeel word.) Daar sal egter ondervind word dat sommige respondente probleme sal teëkom wat nie in Vorm No. 10 behandel is nie. Vir hierdie rede word elke aspek van die vraelys in besonderhede hieronder behandel en opnemers en hoofopnemers word aangeraai om 'n deeglike studie van die hieropvolgende bladsye te maak.
- 10.3 Die boonste gedeelte van die vraelys. Hierdie gedeelte maak voorsiening vir die volgende:
  - 10.3.1 Die fisiese adres van die woning waar die respondent opgeneem is. Dit is noodsaaklik dat die volledige adres verstrek is. In stedelike gebiede moet straatnaam en nommer sowel as die naam van die voorstad en dorp of stad verstrek word. In die geval van

gemeenskaplike wonings soos woonstelgeboue, hotelle, ouetehuse, ens. moet die naam van die gebou sowel as die nommer van die wooneenheid (woonstel- of kamernommer) ook verstrek word.

In nie-stedelike gebiede moet die naam van die plaas en die landdros/magistraatsdistrik waarin dit geleë is, verstrek word. Die poskode van die adres is ook van belang.

- 10.3.2 Die respondent se posadres indien dit verskil van sy fisiese adres. Hierdie vraag is veral belangrik in nie-stedelike gebiede. Die respondent se posbusnommer moet dan verstrek word.
- 10.3.3 Die gedeelte wat deur die opnemer ingevul moet word, waar die volgende gevra word:

Distrik - Die naam van die sensusdistrik moet ingeskryf word.

Stad/Dorp - Skryf die naam van die stad of dorp in. Indien die woning wat opgeneem moet word, egter nie in 'n stad of dorp geleë is nie, moet die betrokke spasië oopgelaat word.

Voorstad/Plaas - In stedelike gebiede moet die naam van die voorstad ingeskryf word. In nie-stedelike gebiede word die naam van die plaas verlang.

Opnemersubdistrik-nommer - Die opnemersubdistrik-nommer verskyn buite op die omslag van die opsommingsboek (Vorm 09). Sou dit gebeur dat twee of meer klein opnemersubdistrikte, elk met sy eie nommer, aan 'n opnemer toegewys word, moet daarteen gewaak word dat die nommer van een subdistrik nie per abuis op 'n vraelys wat op 'n ander subdistrik betrekking het, ingeskryf word nie.

Opgawenommer - 'n Unieke driesyfer nommer (beginnende met 001) moet deur die opnemer aan elke vraelys wat gebruik word, toegeken word. Waar twee of meer gesinne of twee of meer groepe nie-verwante persone in een woning opgeneem word, moet 'n afsonderlike opgawenommer toegeken word aan elke vraelys wat gebruik word. Daar moet in gedagte gehou word dat in sulke gevalle elke gesin of elke groep nie-verwante persone op afsonderlike vraelyste opgeneem moet word. (Nota: Die term "nie-verwante persone" het ook op 'n alleenlopende persoon betrekking.) Indien 'n gesin egter uit meer as sewe persone bestaan en gevolglik meer as een vraelys gebruik moet word om die gesin op te neem, moet dieselfde opgawenommer aan elk van sulke vraelyste toegeken word. Elke bladsy van die No. 12-boek moet as 'n afsonderlike vraelys beskou word en ook agtereenvolgend genummer word. Waar No. 11-vraelys en No. 12-boeke in dieselfde OSD gebruik word, moet die vraelyste eers genummer word en daarna die bladsye van die boeke om sodoende een numeriese reeks te vorm, d.w.s. die bladsye van die boeke moet genummer word nadat die opname in die OSD voltooi is. 'n Nuwe bladsy moet begin word ten opsigte van elke nuwe inrigting, kampong of plaas.



Soort woning - Die opnemer moet tussen die volgende onderskei:

Huis, skakelhuis, woonstel, woonstel op dieselfde erf as 'n huis, tradisionele woning van Swartes (d.i. modder- of grashutte), hotel/losieshuis, ouetehuis, koshuis/kampong, ens.

10.4 Deel A van die vraelys. Die volgende voorskrifte ten opsigte van gedeelte A is van belang:

10.4.1 Persone wat in deel A opgeneem moet word: Elke individu insluitende kinders, volwassenes, besoekers en bediendes wat om middernag tussen 6 en 7 Mei 1980 op die perseel teenwoordig is, moet in deel A opgeneem word. Die enigste uitsondering op dié reël is buitelanders in diens van 'n vreemde moontheid - sulke persone moet glad nie opgeneem word nie. Buitelandse besoekers moet net vrae 1 tot 9 invul en die woorde „buitelandse besoeker" daaronder inskryf. (kyk instruksie 1.g

10.4.1.1 Dit moet egter in gedagte gehou word dat: (op vorm 10).

- Elke gesin moet op 'n afsonderlike vraelys opgeneem word. 'n Persoon wat nie 'n lid van die gesin is nie, mag egter tesame met die gesin op een vraelys opgeneem word. (Kyk 10.4.1.2 hieronder). Vir sensusdoeleindes word 'n gesin omskryf as:

- 'n Man en vrou; of
- 'n Vader en moeder met een of meer ongetroude kinders; of
- 'n Vader met een of meer ongetroude kinders; of
- 'n Moeder met een of meer ongetroude kinders.

Die begrip "kinders" sluit stiefkinders en aangenome kinders in. Die verwantskap van sulke seuns/dogters tot die hoof van die gesin (vraag 2) moet derhalwe as seun/dogter aangedui word. Pleegkinders moet egter nie as lede van die gesin beskou word nie - Indien sulke kinders by hulle pleegouers bly moet die verwantskap as "pleegseun/pleegdogter" aangedui word. Getroude kinders vorm afsonderlike gesinne en as sulke kinders by hulle ouers bly, moet hulle op 'n afsonderlike vraelys opgeneem word.

10.4.1.2 'n Persoon wat nie 'n lid van die gesin is nie (bv. ander bloedverwante van die hoof of vrou soos 'n weduweemoeder, 'n geskeide vader, 'n broer, 'n oom, ens.) en verkies om nie saam met die gesin opgeneem te word nie, moet 'n afsonderlike vraelys invul.

10.4.2 Persone wat verantwoordelik is om die inligting te verstrek: Die bewoner of persoon in beheer van enige woning of stuk grond moet toesien dat elke persoon teenwoordig op sy perseel om middernag tussen 6 en 7 Mei 1980, opgeneem word in deel A van 'n vraelys. Hierdie reël het ook betrekking op persone in beheer van koshuise, kindertehuise, ens.

10.4.3 Persone wat op sensusdag op reis is: Dit is die verantwoordelikheid van persone wat binne die R.S.A. op sensusdag op reis is, om toe te sien dat hulle in deel A van die vraelys opgeneem word by aankoms by die plek van hulle bestemming. Persone wat in die buiteland op reis is, sal by hulle aankoms in die R.S.A. by die plek van aankoms opgeneem word.

10.4.4 Indien meer as 7 persone op een vraelys opgeneem moet word, moet ekstra vraelyste gebruik word vir die oorloop. Onder geen omstandighede mag die agterkant van die vraelys gebruik word vir die oorloop nie aangesien sulke persone heelwaarskynlik tydens die versyferingstadium oor die hoof gesien sal word.

10.4.5 Vraag 1: Naam

Hierdie vraag behoort geen probleme op te lewer nie. Die instruksie "moet nie babas vergeet nie" is van die grootste belang. 'n Sensus-tekortkoming wat algemeen in alle lande voorkom, ongeag van die peil van ontwikkeling van die bevolking, is dat 'n aansienlike gedeelte van die respondente nalaat om babas en klein kindertjies op te gee. Opnemers moet dus op die uitkyk wees vir enige teken van die teenwoordigheid van klein kinders soos babadoeke, fopspene, bababottels, speelgoed, ens. en moet enige sulke leidrade opvolg indien die respondent nie besonderhede aangaande so 'n kind verstrek nie.

10.4.6 Vraag 2: Verwantskap

Die verwantskap tot die hoof van die gesin word verlang. In geval van 'n gesin bestaande uit 'n moeder en een of meer ongetroude kinders, is die moeder vir sensusdoeleindes die hoof van die gesin. In die geval van alleenlopende persone moet die term "alleenloper" gebruik word.

10.4.7 Vraag 3: Geslag

Hierdie vraag behoort geen probleme op te lewer nie.

10.4.8 Vraag 4: Ouderdom

Ouderdom moet in jare op laaste verjaardag verstrek word. In geval van kinders onder een jaar oud moet "0" geskryf word. Dit mag gebeur dat sommige persone nie hulle korrekte ouderdom ken nie. In sulke gevalle moet die ouderdom so akkuraat moontlik geskat word. Onder geen omstandighede mag die vraag ten opsigte van enige persoon onbeantwoord gelaat word nie.

10.4.9 Vraag 5: Huwelikstaat

Die Departement wil tussen die volgende onderskei: Nooit getroud, getroud, wewenaar/weduwee, geskei en "leefsaam". Laasgenoemde het betrekking op persone wat as man en vrou saamleef maar wat nie wetlik met mekaar getroud is nie. Dit moet in gedagte gehou word dat een van die ander vier kategorië (nooit getroud, getroud, wewenaar/weduwee of geskei) ook betrekking het op 'n persoon wat saamleef. "Saamleef" kry egter voorkeur bo die ander toepaslike kategorië.

10.4.10 Vraag 6: Bevolkingsgroep

Onderskeid moet tussen die volgende bevolkingsgroepe getref word: Blank, Kleurling, Maleier, Griekwa, Sjinees, Indiër, Xhosa, Zulu, Swazi, Suid-Ndebele (Ndzundza/Manala), Noord-Ndebele (Kekana, Lidwaba, Langa, Saleka), Noord-Sotho (Mosotho wa lebowa), Suid-Sotho (Mosotho wa borwa), Tswana, Shangaan/Tsonga, Venda, Lemba, ens.

10.4.11 Vraag 7: Geboorteplek

Indien die respondent in die Republiek van Suid-Afrika gebore is, moet die landdros/magistraatsdistrik waarin sy geboorteplek tans geleë is, ingeskryf word. Voorbeeld: Die plek waar die persoon in 1940 gebore is was ten tye van sy geboorte in die Johannesburg Landdrosdistrik geleë. In 1974 het daardie gedeelte van die Johannesburg Landdrosdistrik, Randburg Landdrosdistrik geword. Randburg moet gevolglik in die betrokke ruimte ingeskryf word. Indien die geboorteplek buite die Republiek van Suid-Afrika was, bv. Transkei, Bophuthatswana, Italië of Verenigde Koninkryk moet die betrokke land ingeskryf word.

10.4.12 Vraag 8: Land van burgerskap

Die land waarvan 'n persoon 'n burger van is, moet gemeld word bv. nie "English" nie, maar "United Kingdom". In die geval van Suid-Afrikaanse Swartes, moet onderskeid gemaak word tussen Ciskei, kwaZulu, Swazi, Kwa-Ndebele, Lebowa, Qwaqwa, Venda en Gazankulu. Burgers van Transkei en Bophuthatswana sal natuurlik "Transkei" of "Bophuthatswana" onderskeidelik opgee.

10.4.13 Vraag 9: Gewone woonplek

Vir die meeste respondente behoort hierdie vraag nie probleme op te lewer nie. Indien die toepaslike 1975 en/of 1980 adresse dieselfde is as die fisiese adres van die woning waar opgeneem soos bo aan die vraelys verstrekk (kyk Par. 10.3.1 van die voorskrifte), skryf "Hier" in die toepaslike antwoordruimte(s). Indien die adresse nie dieselfde is nie, moet die volledige woonadres, asook die tipe woning (huis, woonstel, ens.), by daardie adres verstrekk word. Genoemde voorskrif het nie slegs op persone betrekking wat van hul tuistes afwesig is as gevolg van vakansie, besigheid of studie-doel-eindes nie (ingesluit kinders wat in koshuise en studente wat in hostelle opgeneem is), maar ook op pasiënte in hospitale, persone in gevangnisse, dienspligtiges in militêre kampe, ens.

Die doel van die twee vrae oor gewone woonplek is tweevoudig, naamlik om op sensusdag die getal persone te bepaal wat werklik tot 'n sekere streek (munisipaliteit, voorstad, ens.) behoort sodat die owerhede effektiewe beplanning ten opsigte van skole, paaie, hospitale, ens. kan doen asook om die omvang van interne migrasie van een plek na 'n ander te bepaal.

10.4.14 Vraag 10: Geloof

Vae terme moet vermy word. Die term "Afrikaanse kerk" moet byvoorbeeld nie gebruik word nie. Dit moet gemeld word of die "Nederduits Gereformeerde Kerk", die "Gereformeerde Kerk" of die "Hervormde Kerk" bedoel word. Eweneens moet "Church of England" of die afkorting "C of E" nie gebruik word nie. Dit moet vermeld word of die "Church of England in South Africa" of die "Church of the Province of South Africa" bedoel word. Dit is ook noodsaaklik dat die term "Anglican" vermy word aangesien beide die vorige genoemde kerke daarop aanspraak maak dat persone wat "Anglican" aandui, tot hulle besondere kerk geklassifiseer moet word. Respondente moet ook nie die naam van die plaaslike gemeente of kerkgebou bv. St. Alban's, St. Paul's, Bronberg Kerk, ens., teenoor die vraag oor geloof opgee

nie. Die term "Christen" moet ook nie opgegee word nie - die bepaalde Kerkgenootskap word verlang. Daar moet op gelet word dat die beantwoording van die vraag oor geloof nie verpligtend is nie. Hierdie is die enigste vraag in die vraelys wat nie verpligtend is om te beantwoord nie. Indien 'n respondent vir die een of ander rede beswaar maak om sy/haar geloof te verstrek moet die woorde "maak beswaar" in die betrokke ruimte ingeskryf word.

10.4.15 Vraag 11: Gestremdes

Die doel van hierdie vraag is om die getal persone wat fisies en/of geestelik gestremd is, te bepaal. Fisiese gestremdheid (blind, doof, doofstom, epilepsie, 'n spastiese persoon, 'n parapleeg, 'n kreupel persoon, ens.) is gewoonweg maklik om te herken of te beskryf. Daar moet op gelet word dat die term "blind" slegs gebruik moet word as 'n persoon se gesig sô beperk is dat hy/sy as gevolg daarvan nie die werk van 'n normale persoon kan verrig nie. Verder moet die term "doof" ook gebruik word slegs as die persoon ongevoelig vir enige klank is.

Geestes-ongesteldheid, aan die anderkant, is moeiliker om te identifiseer en te beskryf. In die toepaslike kodelys probeer die Departement te onderskei tussen die volgende geestes-ongesteldhede:

Verslawing

Skisofrenie of soortgelyke ernstige geestesongesteldheid

Neurose of soortgelyke minder ernstige geestesongesteldheid

Demensie

Verstandelik vertraag

Ander geestes-ongesteldheid

Dit is waarskynlik dat sommige persone wat geestelik ongesteld is, of hulle naasbestaandes nie die mediese terme vir hulle toestand soos hierbo uiteengesit, sal ken nie. In sulke gevalle moet "ernstige geestesongesteldheid" of "minder ernstige geestesongesteldheid" geskryf word.

"Verslawing" moet slegs gebruik word as die toestand die individu in die uitvoering van sy/haar dagtaak hinder.

10.4.16 Vraag 12: Tale en geletterdheid

Deel (1) van dié vraag behoort geen probleme op te lewer nie. Die term "praat" beteken dat die persoon in staat moet wees om in die betrokke taal te kan kommunikeer. Om vir "skryf" te kwalifiseer moet die persoon in staat wees om 'n kort paragraaf oor sy/haar alledaagse lewe te kan skryf. Respondente moet egter nie aan hierdie toets onderwerp word nie - hulle woord moet aanvaar word.

Dele (2) en (3) van die vraag: As die respondent normaalweg slegs een taal tuis praat, moet die naam van daardie taal teenoor deel (2) ingeskryf word en die deel (3) moet oorgelaat word. Indien daar egter meer as een taal normaalweg tuis gepraat word, ongeag of hierdie tale eweveel gebesig word al dan nie, moet die name van al hierdie tale in deel (2) ingeskryf word en die taal wat mees dikwels gepraat word, moet in die deel (3) ingeskryf word. In die uitsonderlike gevalle waar twee tale eweveel gepraat word (in spreektaal vyftig-vyftig), moet beide tale by (2) en (3) ingevul word. Sulke gevalle is egter skaars - met vorige sensusse byvoorbeeld, het slegs

1½% van Blankes hulle huistaal as "beide Afrikaans en Engels" opgegegee.

10.4.17 Vraag 13: Onderwyspeil

Daar moet op gelet word dat slegs kwalifikasies reeds verwerf by die twee dele van hierdie vraag ingeskryf moet word, byvoorbeeld in die geval van 'n skolier wat ten tye van die sensus in standerd 4 is, moet "standerd 3" in deel (1) van die vraag geskryf word. In die geval van 'n skolier in graad 1 (Sub A) moet 'n strepie (-) in deel (1) getrek word om dus "geen skool standerd geslaag" aan te dui. Eweneens moet 'n student op universiteit wat nog nie 'n graad behaal het nie "Standerd 10" in deel (1) van die vraag ingeskryf en deel (2) oopgelaat. Dit geld selfs in die geval van byvoorbeeld 'n finale jaar mediese student - sy hoogste onderwyspeil is standerd 10.

Waar moontlik, moet persone met oorsese kwalifikasies die Suid-Afrikaanse ekwivalent daarvan invul.

Daar moet onthou word dat die rigting van 'n persoon se naskoolse kwalifikasies ook by deel (2) van die vraag verstrekk moet word, bv. B.Com (Rek.), B.A. (Bib.), ens.

10.4.18 Vraag 14: Geboortes en kindersterftes

Hierdie vraag het slegs betrekking op vrouens. In deel (1) moet die getal kinders wat ooit aan 'n vrou lewendgebore is, ingeskryf word. Die vraag moet dus selfs ook byvoorbeeld deur 'n tagtigjarige vroulike persoon wat slegs een lewende geboorte sestig jaar gelede gehad het, ingevul word. selfs al het die kind vir slegs een minuut geleef. Met ander woorde, alle lewende geboortes ooit, moet ingeskryf word. In sekere streke word Swart kinders wat kort na geboorte sterf, nie deur Swartmense as lewendgebore kinders beskou nie. Hierdie gevalle moet ingesluit word maar doodgebore kinders moet uitgesluit word.

In deel (2) van die vraag moet die getal kinders wat lewendgebore is in die twaalfmaande tydperk wat sensusdag voorafgaan, verstrekk word (d.i. sedert 7 Mei 1979). Opnemers moet daarop let dat indien 'n kind wat nog nie een jaar oud is nie, in Gedeelte A opgeneem word, moet so 'n kind ook in die moeder se kolom as 'n geboorte sedert 7 Mei 1979 aangetoon word, tensy die moeder oorlede is of elders opgeneem word.

In deel (3) moet die getal van die moeder se kinders wat sedert 7 Mei 1979 gesterf het voordat die ouderdom van een jaar bereik is, ingeskryf word. Waar 'n vrou onseker is of die kind onder een jaar oud was of nie, kan aanvaar word dat 'n kind wat nog nie kon loop nie wel jonger as een jaar was.

10.4.19 Vraag 15: Sport en Ontspanning

Enige soort sport of ontspanning waaraan die respondent gereeld deelneem, moet in deel (1) van die vraag ingeskryf word. Dit is nie slegs aktiwiteite wat fisiese inspanning verg, soos golf, draf, waterski, valskermsspring, ens., wat verlang word nie, maar ook aktiwiteite wat geen of feitlik geen fisiese inspanning verg nie bv. jukskei en hoefystergooi, skyfskiet, visvang, knortjor ry, dans,

skaak, veerpyltjies, ens.

Aktiwiteite waaraan op 'n kompetisie basis deelgeneem word (wedstryde, ens.) moet in deel (2) van die vraag ingeskryf word.

10.4.20 Vraag 16: Reis na die werk

Die doel van hierdie vraag is om gegewens te bekom wat die owerhede in staat sal stel om verkeersprobleme te identifiseer. Sou 'n respondent se werk/onderwysplek, metode van reis en/of tyd van vertrek na en van werk/onderwysplek van dag tot dag verskil, moet die posisie soos op die laaste werksdag voor die sensus verstrekkend word. Indien daar van meer as een metode van reis gebruik gemaak word, moet die metode wat vir die grootste gedeelte van die reis na die werk gebruik word, opgegee word. Let asseblief op dat indien die metode van reis as "motor", "bakkie", ens., aangedui word, moet daar ook aangedui word of die persoon die bestuurder of 'n passasier van die voertuig is.

Die doel van die vraag is om verkeersdruk te meet. Dit moet dus ook beantwoord word ten opsigte van huisvrouens wat per motor kinders skool toe of universiteit toe neem. By tyd van vertrek na die betrokke gebied moet die tyd wanneer die vrou soggens die huis verlaat, aangegee word en by tyd van vertrek van daardie gebied moet die tyd van aanvang van die terugreis ná sluiting van die skool/universiteit aangegee word.

10.4.21 Vraag 17: Beroep

Die tipe werk wat gedoen word, (of voorheen gedoen, indien werkloos) word verlang. Daar moet opgelet word dat vir sensusdoeleindes, 'n persoon nie noodwendig gekwalifiseerd hoef te wees vir die werk wat hy doen nie, met ander woorde, as die tipe werk wat 'n persoon doen dié is van 'n motorwerktuigkundige, moet hy sy beroep as "Motorwerktuigkundige" opgee, hoewel hy moontlik nie sy vakleerlingskap voltooi het nie. 'n Mediese dokter moet egter 'n mediese kwalifikasie hê.

Vae omskrywing soos voorman, opsigter, vakleerling, ens. moet vermy word. Sulke omskrywings kan soos volg opgeklaar word: Voorman Motorwerktuigkundige, Opsigter van padkonstruksiespan, Vakleerling elektrisiën, ens. Die term "Arbeider" moet ook vermy word, weereens moet die tipe werk gedoen, omskryf word bv. sementmenger, boufondament-grawer, ens.

L.W. Personeel van Staatsdepartemente moet behalwe die soort werk wat hulle doen ook hulle rang aandui.

In die geval van 'n persoon wat deelyds werk, bv. net soggens, moet "deelydsse tikster", "deelydsse klerk", ens. geskryf word. In die geval van seisoensplaaswerkers wat nie op sensusdag in diens is nie, skryf "Plaaswerker S".

In deel (1) van die vraag moet die individu se huidige soort werk ingeskryf word terwyl die soort werk wat hy vyf jaar gelede gedoen het, in deel (2) ingeskryf moet word. Kyk na die voorbeelde in paragraaf 10.4.25.

10.4.22 Vraag 18: Huidige werkstatus

'n Werknemer is 'n persoon wat vir 'n openbare of private werkgewer teen vergoeding, gewoonlik in die vorm van 'n salaris of loon werk. 'n Werkgewer is 'n persoon wat sy eie onderneming met die hulp van een of meer werknemers beheer. (L.W. 'n Besturende Direkteur van 'n maatskappy is 'n werknemer en nie 'n werkgewer nie). 'n Werker vir eie rekening beheer sy eie besigheid (dit wil sê, hy werk vir homself) sonder enige werknemers. "Werk nie" het betrekking op alle ander persone (behalwe huisvroue) wat nie ekonomies bedrywig is nie, bv. voorskoolse kinders, skoliere, voltydse studente, voltydse pensioentrekkers, persone wat weens liggaamlike- of geestes-toestande nie in staat is om te werk nie, ens. Sien voorbeelde in paragraaf 10.4.25.

10.4.23 Vraag 19: Persone wat nie werk nie maar wat werk soek

Die doel van hierdie vraag is om vas te stel of die respondent werklik werkloos is. Vir sensusdoeleindes is 'n persoon wat werkloos is iemand wat:

- . nie werk nie maar doelgerig werk soek, en
- . nie gedurende die week wat die sensus voorafgegaan het, gewerk het nie, en
- . indien hy werk vind, binne een week kan begin werk.

Die begrip "doelgerig werk soek" beteken dat die persoon gedurende die week wat die sensus voorafgegaan het langs weë soos die volgende moes probeer het om werk te bekom: Van een na die ander potensiele werkgewer gegaan het om werk te soek, 'n advertensie in 'n koerant, tydskrif, ens., geplaas het om vir werk te vra, geantwoord het op 'n advertensie wat om 'n werknemer vra, by 'n arbeidsburo geregistreer het vir werk of in elk geval by so 'n buro geregistreer het vóór die week wat die sensus voorafgegaan het, ens.

10.4.24 Vraag 20: Naam van Werkgewer

Die volle naam van die firma of persoon by wie die respondent in diens is, moet vermeld word. Werknemers van die Staat, S.A. Spoorweë, Provinsiale Administrasies en Munisipaliteite moet ook die departement, sub-departement en of tak waar hulle werk, vermeld.

Byvoorbeeld:

Departement van Vervoer - Staatsgarage  
S.A. Spoorweë - Verversingsafdeling  
Transvaalse Provinsiale Administrasie - Paaie Departement  
Munisipaliteit van Pretoria - Gesondheidsdepartement, Nie-Blankesake Departement, ens.

Kyk na die voorbeelde in paragraaf 10.4.25.

10.4.25 Vraag 21: Aard/hoofaktiwiteit van bedryf of professie

Die soort besigheid of aktiwiteit van die werkgewer van elke respondent word verlang. As die respondent self 'n werkgewer is, moet hy sy eie soort besigheid verstrek.

"Bedryf of Professie" sluit in alle ekonomiese bedrywighede. Meld byvoorbeeld boerdery, boerdery dienste, bosbou, vissery, goudmyn, steengroef, slagpale, skoefabriek, motorfabriek, boukontraakteur, loodgieter, kafee, slaghuis, klerewinkel, hotel, padvervoer van goedere, lugvervoer, finansiering, argitekspraktik, universiteit, mediese praktik, bioskoop, biblioteek, ens.

Kyk na die voorbeelde hieronder:

Die onderstaande tabel gee voorbeelde van vrae 17, 18, 20 en 21

Voorbeeld	Beroep (Vraag 17)		Huidige werkstatus (Vraag 18)	Naam van werkgewer (Vraag 20)	Bedryf of professie (Vraag 21)
	1980	1975			
1. Boer-eienaar	Boer	Die betrokke beroep in 1975 moet in elke geval ingevul word	Werkgewer	Self	Landbou
2. Boukontraakteur	Boukontraakteur		Werkgewer	Self	Boubedryf
3. Elektrisiën vir Munisipaliteit	Elektrisiën		Werknemer	Munisipaliteit van Stellenbosch (elektrisiëtafdeling)	Elektrisiëtsvoorsiening
4. Handelsreisiger	Handelsreisiger		Werknemer	ABC Wholesale (Pty) Ltd.	Groothandel klerasie
5. Huisvrou - werk nie elders nie	Huisvrou		Huisvrou	-	-
6. Kind (voorskools)	Kind - nie skoolier		Werk nie	-	-
7. Klerk verantwoordelik vir lone by Meubelfabriek	Loonklerk		Werknemer	Modern Furniture (Pty) Ltd.	Meubelfabriek
8. Motorwerktuigkundige - soek werk	Motorwerktuigkundige		Werkloos	-	-
9. Onderwyser	Onderwyser (senior assistent)		Werknemer	Transvaalse Onderwysdepartement	Onderwys



Voorbeeld	Beroep (Vraag 17)		Huidige werkstatus (Vraag 18)	Naam van werkgever (Vraag 20)	Bedryf of professie (Vraag 21)
	1980	1975			
10. Passer en draaier by Yskor	Passer en draaier	Die betrokke beroep in 1975 moet in elke geval ingevul word.	Werknemer	YSKOR	Staalfabriek
11. Skolier	Skolier		Werk nie	-	-
12. Staatsampenaar	Administratiewe werker (Administratiewe beampete)		Werknemer	Departement van Binnelandse Sake (Afdeling paspoort beheer)	Publieke administrasie
13. Tikster in diens van goudmyn	Tikster		Werknemer	Sterkstroom Goldmining Co.	Goudmyn
14. Vragmotorbestuurder by Vervoerkontrakteur	Vragmotorbestuurder		Werknemer	Coetzee Vervoerkontrakteurs	Vervoer van meubels
15. Winkel assistent by 'n algemene handelaar	Winkel-assistent		Werknemer	Van Zyl se Kontant Winkel	Algemene handelaars

#### 10.4.26 Vraag 22: Jaarlikse inkomste

Opnemers kan respondente met 'n skoon gewete die versekering gee dat die inligting wat onder hierdie vraag verstrekk word, onder geen omstandighede vir inkomstebelasting-doeleindes gebruik sal word nie.

Die totale inkomste vir die twaalf maande eindigende 30 April 1980 of 29 Februarie 1980 word hier verlang. Geliewe kennis te neem dat die volgende ingesluit moet word:

- (i) Salaris, lone, oortyd en kommissie (voor aftrekking vir pensioen, belasting, ens.).
- (ii) Netto wins van besigheid, boerdery of professionele praktyk. (Maak seker dat die wins van die verkoop van vee, oeste, ens. ingesluit is.)
- (iii) Geskatte waarde van byvoordele soos 'n maatskappy motor en behuisingssubsidies, asook voedsel, klerasie en huisvesting deur individue se werkgewers voorsien.
- (iv) Enige ander gereelde inkomste (bv. pensioen, rente, dividende, netto huurgeld op vaste eiendom, netto bedrag ontvang van loseerders/tafelloseerders, ens.).

L.W. Indien inkomste aangegee word as, byvoorbeeld, 50c per dag, moet vasgestel word ongeveer hoeveel dae per jaar die persoon werk en die 50c moet omgerekend word in jaarlikse inkomste.

Die volgende moet nie ingesluit word nie:

- (i) Ongereelde of abnormale inkomste soos erfporsies, assuransië-polisse wat verval, kapitaalwinste, gratifikasiegelde, ens.
- (ii) Huishoudelike toelaes en sakgeld wat deur een persoon van 'n gesin aan 'n ander gegee word.

Indien geen inkomste gedurende die tydperk ontvang is nie, moet 'n strepie (-) in die antwoordruimte aangebring word. Hierdie voorskrif het ook betrekking op studente en kinders wat geen inkomste het nie.

- 10.5 Die Opsomming (direk onder deel A) van persone wat in deel A opgeneem is

Die doel van hierdie opsomming is om die opnemer se taak om die opsommingsboek in te vul, te vergemaklik. Al die inligting wat benodig word vir Kolomme 4 tot 38 van die opsommingsboek moet uit hierdie opsomming verkry word. L.W. Die eerste vier kolomme (Blank, Kleurling, Indiër en Ander Asiër moet gebaseer word op vraag 6 van deel A terwyl die kolomme vir die Swart bevolkingsgroepe op vrae 12(2) en 12(3) gebaseer moet word.

In gevalle waar daar meer as sewe persone in 'n huishouding of gesin is en waar gevolglik meer as een vraelys gebruik is, moet gegewens ten opsigte van die hele huishouding of gesin in die opsomming van die laaste vraelys wat gebruik is, ingevul word. In sulke gevalle moet die opsomming nie in die eerste vraelys ingevul word nie.

- 10.6 Deel B van die vraelys: Geriewe

Die volgende voorskrifte ten opsigte van deel B is van belang:

- 10.6.1 Wanneer die vraelys nie by die tuiswoning ingevul word nie, bv. wanneer die gesin weg is met vakansie, moet die geriewe wat by die tuiswoning beskikbaar is, verstrekkend word.
  - 10.6.2 As die hoof van die gesin afwesig is van sy/haar woning, maar ander lede van die gesin is tuis, moet hierdie deel nie deur hom/haar ingevul word nie, maar wel deur 'n lid van die gesin by sy/haar tuisadres.
  - 10.6.3 Enige gerief moet getel word slegs as dit in werkende toestand is, of as dit tydelik buite werking is.
  - 10.6.4 Die term "stoof" sluit in gas-, elektriese- en koolstowe, maar nie primus-tipe stofies nie.
  - 10.6.5 Motorvoertuie wat aan die werkgewers van individue behoort, maar wat voltydse tot werknemers se beskikking is, moet ingesluit word.
- 10.7 Deel C van die vraelys: Die woning

10.7.1 Voordat die besondere vrae behandel word, moet daar kennis van die volgende algemene instruksies geneem word:

- Wanneer die vraelys nie by die tuisadres ingevul word nie, bv. wanneer die gesin weg is met vakansie, moet besonderhede ten opsigte van die tuiswoning in deel C verstrekk word.
- Wanneer twee of meer gesinne en/of nie-gesinspersone in een huis of woonstel woon, (d.w.s. saam eet en geriewe deel) moet deel C op die hoofbewoner se vraelys ingevul word en gegewens van die hele woning, insluitende kamers wat deur die ander gesin(ne) bewoon word, moet verstrekk word. Op die vraelys van persone anders as die hoofbewoner moet die woorde "kyk vraelys deur....ingevul" (noem die naam) by vraag 1 ingeskryf word en al die ander vrae moet oopgelaat word.
- Waar twee of meer huishoudings onderverdeelde, onafhanklike gedeeltes van 'n huis bewoon (maar nie saam eet of geriewe deel nie), moet die verdeelde huis as 'n skakelhuis beskou word en elke eenheid as 'n afsonderlike huis beskou word.
- Wanneer die hoof van die gesin afwesig is van sy/haar tuiswoning, maar ander lede van die gesin tuis is, moet hierdie deel nie deur hom/haar ingevul word nie maar wel deur 'n lid van die gesin by die tuisadres.
- Soos daar op die vraelys vermeld word, moet deel C nie ten opsigte van tradisionele wonings van Swartes (d.w.s. klei of grashutte) en gemeenskaplike wonings soos hotelle, losieshuise, ouetehuse, koshuise, kampings, ens., ingevul word nie.

10.7.2 Vraag 1: Besonderhede van die woning (kamers)

Skure en soortgelyke geboue op plase moet glad en geheel nie in vraag 1 aangedui word nie.

10.7.3 Vraag 2: Getal gesinne en nie-gesinspersone

Geliewe daarop te let dat slegs gesinne en persone wat gewoonlik in die woning woon, ingesluit moet word. Kinders wat weg van die huis in skoolkoshuise of universiteitshostelle is, moet dus by vraag 2 ingesluit word. Besoekers wat sensusnag in 'n spesifieke woning deurbring, moet nie by die vraag ingesluit word nie.

10.7.4 Vraag 3: Persone in diens van huishoudings

Geen verduideliking is nodig nie.

10.7.5 Vraag 4: Eienaarskap

Vraag 4 moet nie ten opsigte van wonings op plase ingevul word nie. Geliewe ook daarop te let dat óf gedeelte (i) óf gedeelte (ii) ingevul moet word en nie beide gedeeltes nie.

10.8 Deel D van die vraelys: Die gesin

Let daarop dat hierdie deel nie ten opsigte van Swart gesinne ingevul moet word nie. Die rede hiervoor is dat die begrip "gesin" nie

dieselfde betekenis vir die Swartes as vir ander bevolkingsgroepe het nie. Waar die ouers van die gesin nie van dieselfde bevolkingsgroep is nie, bv. 'n Kleurlingman getroud met 'n Asiërvrou, moet die gesin tot die bevolkingsgroep van die man of vader geklassifiseer word. Let ook op dat persone wat as man en vrou saamleef, hoewel hulle nie wetlik met mekaar getroud is nie, ook as 'n gesin beskou moet word.

Vir die definisie van 'n gesin, kyk paragraaf 10.4.1.1 van hierdie hoofstuk.

Soos in die vraelys vermeld, moet deel D deur die gesinshoof ingevul word as hy/sy sensusnag by sy/haar gesin deurbring. As die gesinshoof afwesig van sy/haar gesin is, moet hierdie gedeelte nie deur hom/haar ingevul word nie maar deur 'n lid van die gesin by die tuisadres. Daar moet besef word dat indien hierdie voorskrif nie streng nagevolg word nie, sal sekere gesinne gedupliseer word.

#### 10.8.1 Skynbare duplikasie van vrae in Deel A en Deel D

Met die eerste oogopslag mag dit blyk dat deel D oorbodig is aangesien alle inligting in deel D verlang, verkry kan word van antwoorde wat in deel A verstrekkend is. Daar moet egter onthou word dat deel A slegs gesinslede wat teenwoordig is, reflekteer terwyl deel D ook afwesige gesinslede insluit. Deel D is dus noodsaaklik om sodoende 'n geheelprent van die gesin, afwesiges ingesluit, te vorm.

#### 10.8.2 Vraag 1: Getal lede in die gesin

Alle lede van die gesin, ook afwesiges, moet by dié vraag ingesluit word.

Die volgende punte moet in hierdie verband in gedagte gehou word.

- . Kinders in kosskole, in universiteit- of kollegekoshuise, in hospitale, ens., moet by hierdie vraag van die vraelys wat tuis ingevul word, ingesluit word (sulke kinders moet natuurlik nie by deel A van die vraelys ingesluit word nie aangesien daardie gedeelte slegs betrekking het op persone wat op sensusnag teenwoordig is).
- . Onafhanklike kinders wat permanent elders woon, moet nie ingesluit word nie al is hierdie kinders nog ongetroud.
- . Getroude kinders vorm 'n afsonderlike gesin wat 'n afsonderlike vraelys moet invul en moet dus nie in deel C van hul ouers se vraelys aangetoon word nie.
- . Bloedverwante van die man of vrou, soos 'n wewenaar vader of weduwee moeder, 'n broer, 'n suster, 'n broers- of susterskind, ens., is nie lede van die gesin nie en moet nie by deel D ingesluit word nie.
- . 'n Enkellopende persoon (oujongkêrel of oujongnoui) is nie 'n gesin nie en moet deel D ooplaat.
- . 'n Groep ongetroude persone wat saam in 'n woning bly (bv. broer en suster, vriende, ens.) vorm nie 'n gesin nie en moet deel D ooplaat.

- . 'n Paar wat as man en vrou saamleef, maar wat nie wetlik met mekaar getroud is nie, moet tesame met hulle kinders, indien enige, as 'n gesin beskou word en moet derhalwe deel D invul.
- . 'n Man en vrou wat van tafel en bed geskei is, word vir sensus-doeleindes steeds as 'n gesin beskou. As daar in sulke gevalle kinders is, moet die ouer by wie die kinders woon, deel D invul en ook die ander ouer in die gedeelte aantoon. Die ander ouer moet hierdie gedeelte op sy/haar vraelys ooplaai. As so 'n paar egter nie kinders het nie, moet die man deel D van sy vraelys invul en moet die vrou deel D van haar vraelys ooplaai, (behalwe in gevalle waar een of beide partye met iemand anders saamleef dan kry die "saamleef" verbintenis voorrang bo die oorspronklike wetlike verbintenis).

10.8.3 Vrae 2 en 3: Beroep en inkomste van hoof en/of vrou

Indien die hoof en/of vrou in deel A van die vraelys opgeneem is, sal die antwoorde op hierdie twee vrae identies wees met die antwoorde op die ooreenstemmende vrae in deel A (d.w.s. vraag 17(1) en vraag 22). Kyk paragrawe 10.4.21 en 10.4.26 in die voorafgaande bladsye vir die betrokke voorskrifte.

10.9 Die sertifikaat wat deur die bewoner/respondent geteken moet word.  
Geen verduideliking is nodig nie.

- 'n Paar wat as man en vrou saamleef, maar wat nie wetlik met mekaar getroud is nie, moet tesame met hulle kinders, indien enige, as 'n gesin beskou word en moet derhalwe deel D invul.
- 'n Man en vrou wat van tafel en bed geskei is, word vir sensus-doeleindes steeds as 'n gesin beskou. As daar in sulke gevalle kinders is, moet die ouer by wie die kinders woon, deel D invul en ook die ander ouer in die gedeelte aantoon. Die ander ouer moet hierdie gedeelte op sy/haar vraelys ooplaai. As so 'n paar egter nie kinders het nie, moet die man deel D van sy vraelys invul en moet die vrou deel D van haar vraelys ooplaai, (behalwe in gevalle waar een of beide partye met iemand anders saamleef dan kry die "saamleef" verbintenis voorrang bo die oorspronklike wetlike verbintenis).

10.8.3 Vrae 2 en 3: Beroep en inkomste van hoof en/of vrou

Indien die hoof en/of vrou in deel A van die vraelys opgeneem is, sal die antwoorde op hierdie twee vrae identies wees met die antwoorde op die ooreenstemmende vrae in deel A (d.w.s. vraag 17(1) en vraag 22). Kyk paragrawe 10.4.21 en 10.4.26 in die voorafgaande bladsye vir die betrokke voorskrifte.

10.9 Die sertifikaat wat deur die bewoner/respondent geteken moet word.

Geen verduideliking is nodig nie.